Beeld Vrydag 15 Junie 2012.

R20 m. vir projek om te help

AGS wil stad met sentrum verander



Lourens Odendaal toets Amos Mpofu se oë. Foto: LISA HNATOWICZ

Neels Jackson

"Stadsveranderaars." Dit is hoe die AGS se Doxa Deo-gemeente hulself sien, sê past. Johan Poggenpoel van die Midstream-kampus.

Hulle het 'n R20 miljoen-projek aangepak om 'n nuwe sentrum van hul uitreikaksie Pop-up in Soshanguve, noordwes van Pretoria, te vestig.

Amos Mpofu is een van dié wat vroeg voordeel daaruit trek. Hy het vir 'n oogtoets teen 'n baie verlaagde tarief gekom.

Lourens Odendaal, 'n oogkundige, doen dié werk as deel van sy Christelike roeping om mense te help. Daarvoor het hy die moontlikheid van baie groter inkomste elders prysgegee.

Dít, sê Jannie Pretorius, Pop-up se sentrumbestuurder in Soshanguve, is waaroor dit vir hulle gaan. Hulle wil God se goedheid en genade op 'n manier uitdra dat mense dit kan beleef.

Die kliniek, waar mense ook tandarts- en ander kliniekdienste kan kry, is net 'n klein aspek van die sentrum se fokus.

Die hoofsaak daar gaan opleiding wees en daarvoor is hulle nou besig om die geboue van die ou AGS- teologiese seminarium aan te pas.

Hulle verwag van al hul studente om 'n 13 dae lange basiese kursus in lewensvaardighede te deurloop. Dit sluit geloofsaspekte in.

Daarna moet almal 'n drie maande lange kursus in volwassene-onderrig deurloop om te verseker hul lees- en syfervaardighede is op peil.

Daarna sal mense kan kies tussen verskeie kursusse wat wissel van verf- tot sweiswerk en van messelary tot glaswerk.

Daar is ook opleiding in entrepreneurskap om mense te help om met hul nuwe vaardighede 'n eie onderneming te begin.

Uiteindelik wil hulle 800 studente per jaar oplei – en dan help hulle die studente ook om werk te kry.

'n Groot kleuterskool word ook daar beplan.

Vir Pretorius is dit alles deel van hoe hy glo 'n kerk moet funksioneer.

Dit werk soos 'n spons, sê hy. Sondag is jy by die kerk en suig die lewende water op. Deur die week laat jy dié water dan in jou omgewing uitsypel.

Poggenpoel sê Doxa Deo is 'n gemeente met verskeie kampusse in Pretoria en ander stede. Elke kampus het eie projekte, maar almal kan ook saam hande vat met projekte soos Pop-up.